DEEL I HOOFMOMENTE VAN DIE CHRISTELIK-NASIONALE OPVOEDKUNDE

## HOOFSTUK II BEGRIPSOMSKRYWINGS

### 1. Die noodsaaklikheid van noukeurige begripsomskrywings

Die wêreld- en lewensbeskouing van 'n skrywer bepaal wat hy bedoel met die begrippe wat hy in sy betoog gebruik. Daarom moet vooraf so nou= keurig moontlik vasgestel word wat met daardie begrippe bedoel word.

Die begrip wat gedurig in die brandpunt van die Opvoedkunde kom, is die begrip opvoeding. By die bestudering van wat die verskillende denkrig= tings daaroor te sê het, is dit duidelik dat opvattinge verskil. Daarom sal hierdie begrip meer aandag as die ander moet geniet. Daarbenewens duik die volgende vrae gedurig op:

* Is onderwys en opvoeding dieselfde?

* Indien nie, gee onderwys altyd aanleiding tot opvoeding, en kan opvoeding net plaasvind waar daar onderwys gegee word? Anders gestel: Is alle onderwys opvoedende onderwys en is alle opvoeding onderwysende opvoeding?

* Watter kriteria moet aangewend word om vas te stel of opvoeding plaasgevind het?

Vir die Christelik-nasionale Opvoedkunde is dit nodig om die volgen= de begrippe te omskrywe:[1])

---

[1]) 'n Hele aantal werke waarin hierdie begripsomskrywings aangeraak word, is geraadpleeg. Sommige opmerkings pas egter nie in alle opsigte in by Christelik-nasionale onderwys nie. Dit was dan nodig om die ingesamel= de gegewens te verwerk en in te pas by die Christelik-nasionale opvat= tinge. Die volgende is die belangrikste werke geraadpleeg:

Oberholzer, C.K. Prolegomena van 'n Prinsipiële Pedagogiek, p. 82-90
Landman, W.A. e.a. Opvoedkunde en opvoedingsleer vir beginners, p. 74-76
Van der Stoep, F. en O.A. Didaktiese oriëntasie, p. 11-13
Coetzee, J.C. Inleiding in die Algemene Teoretiese Opvoedkunde, (1965-uitgawe), p. 65-79
Bijl, J. Inleiding tot de Algemene Didactiek van het basisonderwijs, p. 172-182
Aarts, J. Beknopt leerboek der Algemene Didactiek voor het tweede leerkring, p. 49-55
Van Zyl, P. Opvoedkunde, deel I, p. 19-42 en 116-148

2. Leer

Die mens kan op drie maniere leer: Deur kennis op te doen, deur vaardighede aan te kweek en deur probleme op te los. In al hierdie gevalle registreer die dinge wat geleer is nie soos 'n ligbeeld op 'n fotografiese plaat nie. Retensie is nie net bewaring van kennis soos die foto van 'n masjienonderdeel nie. Die mens leer met insig. Hy handel nie maar soos 'n gedresseerde sirkusdier vir wie daar geen sin in die handeling is nie. Dit is onmoontlik om te leer sonder om betekenis te heg aan dit wat geleer word en dit nie te beoordeel nie. Dit geskied grootliks op grond van wat voorheen al geleer is en waaraan die leerder reeds bepaalde betekenisse en waardes geheg het, maar dit wat geleer is, kan ook addisionele betekenis en waarde kry. Aldus beskou, raak iets wat die mens geleer het, hom in totaliteit. Dit beïnvloed sy hele wese. Dit spreek nie net tot die verstand of die geoefende liggaamsdele nie, maar is nou verbonde aan sy godsdienssin, emosie en wil.[2)]

Dit wat geleer is, oefen 'n invloed uit op die mens se toekomstige handelwyse. In sommige gevalle lei dit tot bepaalde keuses of help dit die mens om te kies, maar soms lei dit net tot bepaalde gedragspatrone na aanleiding van gewoontevorming.[3)] Die invloed van wat geleer word kan egter nie vooruit voorspel of bereken word nie, juis omdat niemand vooruit weet watter assosiasies gevorm sal word met dinge wat geleer is nie.

God het die mens die vermoë om te leer geskenk, en Hy is dan ook die eerste en groot Leermeester. Daarom mag die mens nooit vergeet dat hy in sy waarde-oordeelvorming die waardes wat God aan dinge toegeken het, moet navolg nie. Dit is die eerste en groot assosiasie: Die ganse skepping moet dien tot eer van God, en hierdie ding wat die mens nou net geleer het, moet by daardie beginsel inpas. Die mens moet dieselfde betekenis en waarde daaraan heg as wat God wil hê.

Die mens leer soms sonder die hulp van 'n leermeester, maar waar 'n leermeester wel aanwesig is, mag hy nie summier aanneem dat sy leerlinge ten goede (in Christelike sin) beïnvloed is deur dit wat geleer is nie. Die mens is 'n sondige wese en die duiwel het ook gedurig 'n hand in die waarde-oordele van die mens.[4)] Die leermeester het altyd 'n bepaalde doel voor oë wanneer hy iets oordra en hierdie doel moet ooreenstem met die Christelike doel. Nogmaals mag hy nie aanneem dat die leerlinge juis so sal leer dat die gestelde doel bereik sal word nie.

---

2) Lees ook p. 51-52 hieronder.

3) Lees ook p. 34 hieronder.

4) Hieroor meer op p. 29-33

Leer is die toename in kwaliteit en/of kwantiteit van kennis, vaardighede en insig, waar sodanige toename aanleiding tot 'n verandering van die leerder gee.[5])

3. <u>Onderwys</u>

By onderwys word minstens twee persone aangetref: die leermeester en die leerling. Wanneer 'n mens dan iets leer sonder die hulp van 'n ander, vind daar nie onderwys plaas nie. Die leermeester sowel as die leerling kan enige persoon wees, maar daar moet altyd onthou word dat God eintlik die ware Leermeester is en dat die mens wat iemand anders iets leer, 'n Goddelike opdrag uitvoer. Alle kennis, vaardighede, denke en insig kom van God. Die Christen as menslike leermeester is maar net die instrument in die hand van God of die oordraer van die boodskap wat hy self nie geformuleer het nie maar wat oorspronklik van God kom.

Die meeste onderwys vind in die skoolsituasie plaas, want die skool is 'n gespesialiseerde inrigting vir dié doel. In die geval van Christelik-nasionale onderwys word besondere waarde aan die huis as onderwys- en opvoedingsmilieu geheg, maar tog kan die ouers van die skoolgaande kind nie naastenby soveel onderwys as die onderwysers gee nie, omdat slegs 'n geringe persentasie ouers oor die nodige opleiding beskik en die nodige fasiliteite in baie beperkte mate deur hulle voorsien kan word. Die beginsels van onderwys in skoolverband geld ook vir onderwys in die huisgesin.

Onderwysaktiwiteite sluit die volgende in:

* Oordrag van kennis, waarby 'n seleksie van die geskikste kennis vir die nastrewing van die Christelik-nasionale doelstellings gemaak is.

* Aankweek van daardie vaardighede wat noodsaaklik is vir die doeltreffendste verwerwing van die gekose kennis, en daarom ook inpas by die Christelik-nasionale beginsels.

* Ontwikkeling van die selfstandige denke, sodat verworwe kennis en vaardighede in die nastrewing van die Christelik-nasionale doel sinvol aangewend kan word.

* Buitebedrywighede wat die tekorte op die formele rooster aanvul of wat die reeds verworwe kennis en vaardighede verder ondersteun of 'n addisionele bydrae lewer in die najaging van die Christelik-nasionale ideale.

---

5) Die probleem van die sg. neutrale onderwys, opvoeding en wetenskap, waarin geen prinsipiële beïnvloeding van die leerder voorgestaan word nie, word bespreek op p. 78 hieronder.

Hierdie vier vorms van aktiwiteite moet 'n ondeelbare eenheid vorm. Die buitebedrywighede moet bv. nie net vir die goeie atlete, rugbyspelers, musikante of toneelspelers gereserveer word nie, maar alle leerlinge moet deelneem in alle afdelings waartoe hulle enigsins in staat is.

Die invloed wat dit wat geleer is, op die leerder het en wat onmoontlik nie uitgeskakel kan word nie, is egter nie deel van die onderwys nie. Hierdie onderskeiding is nodig sodat onderwys en opvoeding nie met mekaar verwar word nie. Dit gaan hier dus nie om 'n waarde-oordeel nie. Indien die onderwyser dan net kennis kon oordra, die leerlinge vaardighede kon laat aanleer, hulle tot selfstandige probleemoplossings kon lei en dié drie sake kon aanvul met buitebedrywighede sonder enige poging tot normering, sou daar net blote onderwys plaasvind.

Die vraag is egter of die onderwyser so kan optree dat hy geen invloed uitoefen nie. Sy persoonlike voorbeeld sal altyd invloed uitoefen, en enigiets wat die leerling leer, sal tog in 'n mate die onderwyser se waarde-oordeel weerspieël. So is dit eintlik onmoontlik om suiwer onderwys, d.w.s. sonder beïnvloeding, te gee. 'n Probleem wat hier ter sake is, is of die invloed wat die onderwyser uitoefen, wel die Christelike doel nastreef of nie. Dus, beïnvloeding in die onderwys is nie noodwendig opvoeding nie. Daarom kan daar onderwys sonder Christelike opvoeding plaasvind.

In watter opsig beïnvloed die onderwyser die leerder? Die voor die hand liggende antwoord is dat hy intellektueel ontwikkel en/of vaardighede aanleer, of vaardiger word in die geval van reeds aangeleerde vaardighede. Maar dis nie al wat gebeur nie. Die onderwys beïnvloed ook die waarde-oordeel, al gebeur dit soms onbewustelik. Dis dan weer 'n geval van die inwerking op die gesindheid of instelling van die leerder. Aldus beskou het onderwys 'n oriënterende krag, maar dis nog nie vanselfsprekend 'n Christelik-opvoedende krag nie.

In die Bybel word die begrippe onderwys en opvoeding konsekwent met die godsdiens verbind. Net een voorbeeld:

> ,,Erken dan in jou hart dat die Here jou God jou onderrig soos 'n man sy seun onderrig; en hou die gebooie van die Here jou God om in sy weë te wandel en Hom te vrees."[6])

Daaruit word afgelei dat die Christelike onderwys ook wel deeglik opvoeding is. Maar aangesien daar op hierdie tydstip so 'n verskeidenheid opvattinge oor onderwys en opvoeding bestaan, en omdat in baie gevalle,

---

6) Deut. 8:5-6. Nog ander Bybeltekse wat hiermee te doen het, word aangegee in Trommius, A. Nederlandse concordantie van de Bijbel, p. 525-526.

soos bv. die Pragmatisme,[7] van opvoeding gepraat word terwyl dit niks anders as onderwys sonder enige opvoedingspoging is nie, moet die Christelik-nasionale opvoeder en opvoedkundige wel deeglik vertroud wees met die onderskeid tussen opvoeding en onderwys. Alle onderwys wat vandag gegee word, is nie Christelike onderwys nie, en daarom moet die leermeester in staat wees om te onderskei.

4. Opleiding

Dit is 'n spesifieke vorm van onderwys, nl. waar dit beroepsgerig is. In hierdie geval kan dit gebeur dat die onderwyser net begaan is oor die kennis, vaardighede en probleemoplossings, aangesien die doel van die opleiding spesifiek op die doeltreffende beoefening van 'n beroep gerig is. Die klem val dan op die taak en nie op die persoon nie.[8] Hierin verskil opleiding en opvoeding radikaal. Dit kan dus maklik gebeur dat daar geen opvoedingspoging by die opleiding betrokke sal wees nie, en ook dat die onvermydelike beïnvloeding wat daarmee gepaard gaan, juis nie opvoedend sal wees nie.

5. Opvoeding

(a) Inleiding

Hierdie begrip is noodwendig van besondere belang vir enige opvoedkundige dissertasie en verdien dus 'n breedvoeriger bespreking as die ander begrippe. Vir die doel van hierdie werkstuk moet oor die volgende vraagstukke besin word:

(b) Wat is nou eintlik opvoeding?

Talle skrywers het al omskrywings vir hierdie begrip geformuleer, bv.:

,,Opvoeding is in die laaste en hoogste instansie in die skone definisie van H.H. Horne ,die ewige proses van superieure aanpassing van die liggaamlik en geestelik ontwikkelde, vrye, bewuste mens van God aan sy God, soos geopenbaar in ~~in~~ die intellektuele, die emosionele en die volisionele omgewing van die mens.'"[9]

,,Sodra daar nou sprake van opsetlike middelekeuse en aanwending

---

[7]) Lees bv. Dewey, J. Democracy and education, in Park, J. Selected readings in the philosophy of education, p. 85-87.

[8]) Lees ook Kriekemans, A. Algemene Pedagogiek, p. 11

[9]) Coetzee, J.C. Inleiding in die Algemene Teoretiese Opvoedkunde, (1965-uitgawe), p. 79

is, beteken dit dat die wordende mens bearbei word . . . Hierdie opsetlike, gerigte en intensionele vormende invloede word onder die begrip opvoeding saamgevat."[10]

,,Education is the deliberate and systematic influence exerted by the mature person upon the immature through instruction, discipline and harmonious development of all the powers of the human being, physical, social, intellectual, moral, aesthetic and spiritual, according to their essential hierarchy, by and for their individual and social uses, and directed toward the union of the educand with his Creator as the final end."[11]

Die Bybel verskaf nie 'n definisie van wat opvoeding is nie, maar die talle verwysings na die opvoedingsgebeure laat geen twyfel oor wat die Christen se opvattinge behoort te wees nie.

Voordat 'n beknopte omskrywing van die begrip opvoeding gegee word, is die volgende verduidelikings nodig:

* Die opvoeder is die Persoon of persoon wat opsetlik en met voorbedagte rade die opvoedeling(e) opvoed. Die Christelike standpunt is dat God die eerste en groot Opvoeder en die mens die tweede in rang is.

* Die opvoedeling is daardie persoon wat homself opsetlik en met voorbedagte rade onderwerp aan opvoeding.

* Die menslike opvoeder is nie noodwendig 'n ,,volwassene" en die opvoedeling 'n ,,volwassene-wordende" nie.[12]

OPVOEDING IS DIE DOELBEWUSTE, OPSETLIKE LEIDING EN BEGELEIDING VAN DIE OPVOEDELING DEUR DIE OPVOEDER NA GOD TOE.

Hierdie omskrywing het aanvullende opmerkings nodig. Met leiding word bedoel dat die opvoeder die weg na God toe sal bewandel en die opvoedeling na die beste van sy vermoë sal beïnvloed om dieselfde weg te volg. Met begeleiding word bedoel dat die opvoeder nie net 'n wegaanwyser sal wees nie, maar dat hy saam met die opvoedeling die weg na God toe sal bewandel, terwyl hy (die opvoeder) die opvoedeling ondersteun en beïnvloed en tot so 'n groot mate van selfstandigheid as moontlik bereikbaar is, sal aanspoor.

Opvoeding is geestelike versorging, en daarom is dit des te meer nodig om die opvoedeling na God toe te lei. Dit is ook die rede waarom opvoeding 'n planmatige, doelgerigte en doelbewuste werksaamheid moet wees.[13]

---

10) Oberholzer, C.K. Prolegomena van 'n Prinsipiële Pedagogiek, p. 85

11) Redden, J.D. and Ryan, F.A. A Catholic philosophy of education, p. 23-24

12) Die begrip volwassenheid word op p.80 verder bespreek.

13) Coetzee, J.C. Eerste beginsels van die Calvinistiese opvoeding, p.12-13

(c) Watter kriteria moet aangewend word om te bepaal of 'n sekere handeling opvoeding is?

Die wetenskaplike arbeid van bv. Oberholzer[14]) en Landman[15]) in verband met die pedagogiese kategorieë is nog nie die finale antwoord op die probleem van verdeling van die opvoedingsgebeure in eenhede nie. Hierdie verdeling is wel nuttig, aangesien dit die opvoeder kan help om beter op te voed. Vir die doel van hierdie werkstuk word die volgende kerngedagtes i.v.m. opvoedkundige kriteria aangestip:

* Opvoeder en opvoedeling moet mekaar in die driehoeksverhouding God-mens-medemens ontmoet.[16]) Daarbuite kan geen ware opvoeding plaasvind nie.

* Die opvoedeling moet steunbehoewend wees. Alle mense is steunbehoewend hoewel nie almal in dieselfde mate nie.

* Die opvoedeling moet hulpsoekend wees. 'n Poging tot selfhulp en selfstandige optrede is nie opvoeding nie. Hoewel die opvoeding die opvoedeling tot selfstandigheid wil lei, is selfstandige optrede nie meer opvoeding nie, want dan is een van die ondergeskikte doelstellings van die opvoeding reeds bereik.

* Die opvoeder moet hulp aanbied. God bied altyd hulp aan, maar mense is nie altyd geneë om dit te doen nie.

* Die opvoedeling moet die hulp aanneem. Dit is 'n tipies menslike handeling. Dis ook deel van die mens se roeping. Sonder aanname kan daar geen sprake van hulp wees nie. Hier maak die opvoedeling gebruik van sy Godgegewe keusevryheid.[17])

* Die hulpverlening moet die opvoedeling nader aan God bring. Enige ander invloed of uitwerking van die hulpverlening is nie opvoeding nie. Die eindresultaat is dat die opvoedeling verander het as gevolg van die opvoeding. Enige verandering kan egter nie as opvoeding beskou word nie.

(d) Wat is die doel van die opvoeding?[18])

Die Christelike doel kan op verskeie wyses in woorde gestel word, bv.:

* Om die opvoedeling na God toe te lei en begelei.

* Om die opvoedeling te leer om tot eer van God te leef en te streef.

* Om die opvoedeling te leer om in liefde met God, die medemens, die skepping en homself te leef.

---

[14]) Oberholzer, C.K. Op. cit., p. 317-325

[15]) Landman, W.A. e.a. Opvoedkunde en opvoedingsleer vir beginners, p.77-104

[16]) In hoofstuk VII word die verhoudings in die opvoeding bespreek.

[17]) Adam en Eva het reeds die keusevryheid geniet. Lees Gen. 2:16-17.

[18]) Die doel van die opvoeding word in hoofstuk VIII beskryf.

* Om die driehoeksverhouding God-mens-medemens intiemer en stewiger te laat word.

(e) Is die opvoeding noodsaaklik en waardevol?[19])

Opvoeding is absoluut noodsaaklik omdat geen mens heeltemal selfstandig kan wees nie. En al sou die uiters onwaarskynlike gebeur, naamlik dat die mens sonder die hulp van sy medemens kan klaarkom, sal hy nooit sonder die opvoeding van God kan klaarkom nie.

Opvoeding is uiters waardevol omdat die Opvoeder of opvoeder die reguit pad tussen oorsprong en eindbestemming (in albei gevalle is dit God), aandui en die opvoedeling oorreed om om daardie pad te volg.

(f) Is die opvoeding moontlik en, indien wel, waartoe is dit in staat?[20])

Opvoedbaarheid is 'n apriori. Maar die sondige mens se opvoedbaarheid is beperk en daarom kan die opvoedeling nooit tot volmaaktheid gelei word nie, al is dit die logiese konsekwensie van ander denkrigtings, bv. die Pragmatisme.[21])

(g) Wie is die deelnemers aan die opvoedingsgebeure?

So baie opvoedkundige werke maak net melding van volwassenes wat volwassene-wordendes opvoed. Maar volgens die Skrif geoordeel, is dit 'n onvolledige en skewe beeld.[22]) Die ware Christelike siening word soos volg gestel: God is die ware en eerste Opvoeder. Uit die baie Bybeltekse wat hierop sinspeel, word net die volgende aangehaal, nl. die geval van die wysheid wat tot die mensekinders spreek:

> „Die Here het my berei as eersteling van sy weg, voor sy werke, van ouds af."[23])

Op grond hiervan word beweer dat opvoedingspogings buite God om nie tot ware opvoeding kan lei nie. God is die eerste en belangrikste Persoon wat deelneem aan die opvoedingsgebeure.

Maar God spreek nie direk tot alle mense, d.w.s. in 'n hoorbare stem, nie. Hy het wel direk met Moses, Samuel, die groot profete, Paulus en talle ander gespreek, maar in verreweg die meeste gevalle spreek Hy indirek deur sy boodskappers en die werke van sy hande. Hierdie twee

---

19) Hoofstuk XI handel in meer besonderhede hieroor.

20) Hoofstuk X handel in meer besonderhede hieroor.

21) Du Plessis, S.J. Op. cit., p. 69

22) Lees ook p. 79-81 hieronder.

23) Spreuke 8:22

gevalle van opvoeding, nl. deur mense en deur God, verskil en sal nou afsonderlik aandag geniet.

Die menslike opvoeder is geroepe deur God om as boodskapper op te tree. Dis God wat spreek terwyl die mens luister en antwoord gee op die stem van God, maar nie antwoord as meespreker nie, maar as een wat die Goddelike opdrag gehoorsaam. Daarom het Eli aan Samuel gesê:

> ,,Gaan lê, en as Hy jou roep, moet jy antwoord: Spreek, Here, want u kneg hoor."[24]

Die menslike opvoeder antwoord verder deur die Goddelike opdrag, in hierdie geval om op te voed, uit te voer. Maar hy mag niks uit eie beweging doen nie, want wat nie uit God kom nie, is nie ware opvoeding nie. Hy (die opvoeder) mag ook nie nalaat om die volle boodskap tot die laaste jota en tittel toe oor te dra nie. Dit is vir die sondige mens onmoontlik, maar deur die genade kan hy veel vermag, en sy menslike onvolmaaktheid is geen verskoning om in sy opvoedingspogings te verslap nie. So is die mens=like opvoeder dan die tweede deelnemer aan die opvoedingsgebeure. Hierdie mens is eerstens die ouer wat sy kind in die vrees van die Here opvoed, maar onderwysers, predikante en selfs ander mense kan ook opvoeders van 'n bepaalde kind wees.

Die opvoedeling is dan die derde deelnemer aan die opvoedingsgebeure. Die boodskap van God kom via sy opvoeder(s) na hom en hy moet dit heel=hartig aanneem en daarop antwoord in woord en daad.

Die tweede geval van opvoeding gaan via die Skrif, wat in mensetaal geskryf is en die handewerk van God, waar Hy nie in die taal van mense spreek nie , maar in die taal van die skepping, soos daar geskrywe staan:

> ,,Die hemele vertel die eer van God, en die uitspansel verkondig die werk van sy hande. Die een dag stort vir die ander 'n boodskap uit, en die een nag kondig vir die ander kennis aan: daar is geen spraak en geen woorde nie — onhoorbaar is hulle stem."[25]

Hier is dus twee deelnemers, God en die opvoedeling. In albei gevalle voer God 'n monoloog, want die mens kan nie iets voeg by die boodskap van God nie. Wanneer 'n menslike opvoeder as tussenganger of boodskapper op=tree, mag daar wel 'n dialoog tussen opvoeder en opvoedeling voorkom, want die opvoedeling kan dikwels sy opvoeder iets leer omtrent die weg na God toe.[26]

---

[24] I Sam. 3:9

[25] Ps. 19:2-4

[26] Lees ook Schutte, B.C. Die roepingsgedagte in die opvoeding, p. 7

(h) <u>Wat gebeur alles as opvoeding plaasvind?</u>[27])

Ouers moet by die geboorte van 'n kind reeds reg ingestel wees vir die opvoeding, al is die suigling nog nie vatbaar vir opvoeding nie.[28]) Trouens, die ware opvoeder poog om alles in sy lewe in lyn te bring met die wil van God. Daarom is huwelik, geboorte en opvoeding verwortel in die ouers se diensbaarheid aan God. In alles wat hulle doen, word gepoog om na God toe te beweeg, sodat beïnvloeding in dié rigting spontaan geskied. Sodra die kind vatbaar word vir opvoeding, of die ouers daarvan bewus is of nie, is die leiding en begeleiding na God toe reeds aanwesig.

Die kind is egter as sondige wese aan die inwerking van sy drifte onderhewig, sodat hy geneig is om weg te skram van God en sy gebod. Maar deur die verbinding met die hoër motiewe (wat na God toe lei) word daardie drifte sover moontlik veredel.[29])

Opvoeding vind in 'n omgangsituasie plaas. Dit is nie die sentrale punt by opvoeding nie, maar wel om die opdrag van God uit te voer.[30]) ~~Die~~ Die omgang moet egter uitdruklik plaasvind met die doel dat opgevoed sal word. Maar dit gebeur maklik dat die inwerking op die gees eers na verloop van tyd sigbaar word, indien wel, want dit mag wees dat die gesindheid van die opvoedeling ongemerk verander het en net onder bepaalde toestande 'n invloed op sy handelinge uitoefen.

Die opvoeder wil opvoed en die opvoedeling wil opgevoed word. Dit beteken egter nie dat net die regte opvoedingspoging nodig is om noodwendig die ware opvoeding te laat plaasvind nie. As dit so was, sou die opvoeder die opvoedeling kon <u>maak</u> soos hy wou, maar dis nie vanselfsprekend dat so iets kan gebeur nie; die opvoeder mag ook nie 'n poging aanwend om dit te probeer doen nie. Die ideale toestande vir die verkryging van die gewenste reaksies op prikkels is soos volg: Die opvoedeling moet vooraf oop genoeg wees vir daardie bepaalde boodskap, die openheid moet op daardie boodskap gerig wees, ander prikkels (ekstern sowel as intern) moet nie die opvoeder se boodskap (wat ook 'n prikkel is) verdring nie, sodat die finale keuse van die opvoedeling wel sal wees om die aangewese weg na God toe te volg.

---

27) Die verloop van die opvoedingsgebeure word in hoofstuk XII beskryf.

28) Dis moeilik om vas te stel wanneer die opvoedeling vatbaar vir opvoeding word, maar 'n pasgebore suigling kan beslis nie 'n begrip van God vorm nie, sodat hy dan nog nie na God toe gelei en begelei kan word nie.

29) Vgl. Bavinck, H. Paedagogische beginselen, p. 11

30) Waterink, J. Keur uit de verspreide geschriften van Prof. Dr. J. Waterink, p. 15

By opvoeding word altyd kennis oorgedra, want daarsonder sal die opvoedeling nie in staat wees om die gewenste keuse te doen nie. Hiermee word bedoel dat afgesien van ongenormeerde kennis daar minstens kennis van die Bybelse norme oorgedra moet word. Daar mag nie aangeneem word dat opvoeding nooit sonder onderwys kan plaasvind nie. Opvoeding is meesal aan onderwys gekoppel, maar daar is ook gevalle waar kennis van norme sonder onderwys oorgedra word. As die opvoedeling die voorbeeld van sy ouer of onderwyser volg, homself daarmee identifiseer, mag dit gebeur sonder dat die opvoeder daarvan bewus is, sodat daar geen sprake kan wees van die leermeester wat sy leerling intensioneel iets leer nie.

Hiermee word nie bedoel dat die gebruik van parate kennis in die opvoeding nie belangrik genoeg is om in die beplanning van die opvoedingswerk ernstig oorweeg te word nie. Alle parate kennis kan die opvoedeling bekend stel met die almag, wondere, liefde, versorging en genade van God, sodat die opvoedeling deur parate kennis 'n steeds groter kennis van God kan opbou, maar dan moet die opvoeder sy oë daarvoor open. Dit raak die saak van opvoedende onderwys.[31]

In die opvoeding gebeur dit ook dat opvoeder en opvoedeling elkeen sy eie verantwoordelikhede aanvaar. As dit nie gebeur nie, kan daar geen sprake van opvoeding wees nie. Die opvoeder is 'n geroepene van God, hy het 'n opdrag wat hy moet uitvoer, o.a. om die opvoedeling so te beïnvloed dat hy self sal verkies om die weg na God toe te volg. En as die opvoedeling die ander weg kies, kan van die opvoeder verantwoording geëis word deur God, deur die opvoedeling en deur sy eie gewete. As hy dan nie sy roeping na die beste van sy vermoë probeer vervul nie, of as hy miskien sy talent in die grond begrawe, is hy medeverantwoordelik vir die verloregaan van die opvoedeling se siel. Die opvoedeling se verantwoordelikheid spruit uit sy opdrag van God om sy opvoeders in gehoorsaamheid en liefde te volg op die pad wat na God toe lei. As hy dan die leiding en begeleiding verontagsaam, sodat hy op 'n ander pad as dié wat na God toe lei, voortwandel, is hy ook verantwoording verskuldig aan God, sy opvoeders en sy eie gewete.[32]

(i) <u>Teen watter agtergrond vind die opvoeding plaas?</u>[33]

Die mens verkeer altyd in 'n situasie. Hy beweeg in 'n omgewing of

---

[31]) Word op p. 29-33 beskryf.

[32]) Vgl. Esegiël 33:1-20

[33]) Lees ook p. 183 hieronder.

teen 'n agtergrond. Hy kan nie in 'n vakuum bestaan nie. Gedagtig daaraan dat die omgewing ook moet meehelp in die opvoeding, kan die volgende gesê word: Die Bybel as die geopenbaarde Woord van God is die belangrikste hulpmiddel. Dit verskaf die fondament van alle ware opvoedingswerk. Daarin leer die mens die beste om God, sy medemens, homself en die skepping te ken en lief te hê. Daarin vind hy die duidelikste aanwysings vir die bewandeling van die enge weg. Daarin vind hy ook die duidelikste beskrywing van die skepping, sondeval en verlossing. Die evangelie is die kulminasie van die mens se hoogste verlangens, daarin vind hy die vooruitsig op die ewige lewe in die ewige saligheid. Daarom is die Bybel die belangrikste studiebron van die Christen.

Die skepping as handewerk van God is ook 'n belangrike onderdeel van die opvoedingsmilieu. Die opvoedeling se oë moet egter geopen word vir die openbaring van God se almag, wysheid, liefde en genade soos in die skepping weerspieël, anders mag hy soos 'n heiden in sy soeke na God en die hoër dinge in die lewe, 'n ideë- en reïnkarnasieleer ontwikkel soos dié van Plato.

Die skepping is egter so diep en wyd dat die opvoedeling maar net 'n baie klein deeltjie daarvan in sy omgewing kan waarneem. Om hom dan verder met die skepping bekend te stel, is dit nodig om boeke waarin kennis daarvan opgeteken is, in sy milieu te hê. In die gevalle van die uitleg van die Skrif en die bekendwording met die bostrukture wat op die fondament van die Skrif gebou is, moet die opvoedeling ook gepaste boeke in sy omgewing hê.

Die mens, veral die kleiner kind, het dikwels aanskouingshulpmiddels nodig om die weg na die onaanskoulike te baan.

Die huis, kerk en skool is gespesialiseerde omgewings vir die opvoeding, elk na sy eie aard en taak toegerus.

Elke milieu moet vir die opvoedeling 'n veilige ruimte bied. Hy moet daar in liefde en toewyding sy weg na God toe kan bewandel.

(j) <u>Watter sin maak die opvoeding?</u>[34)]

Die mens vra na die sin van die lewe op aarde. Hy leef nie maar net soos 'n dier wat instinkmatig veg om aan die lewe te bly en die nageslag voort te plant nie.

Die logiese konsekwensie van enige denke wat sonder God en net tot by die dood uitstrek, is dat dit nie sin maak om te lewe nie. Genietinge is van korte duur. Die mens raak gou oorversadig. Daarteenoor voer die mens 'n aanhoudende stryd teen talle sake wat die aangenaamheid van sy lewe

---

34) Hoofstuk XIII handel in meer besonderhede hieroor.

aantas. Daar is gedurig probleme i.v.m. ekonomiese sake, gesondheid, mense= verhoudinge, overgenoegdheid en talle meer. Die somtotaal van die positie= we en negatiewe aspekte van die aardse lewe is benede zero. Waarom moet die mens dan lewe? Die nihilisme van Nietzsche is maar een voorbeeld van hier= die soort denke.[35)]

Daarteenoor bring die Christen-opvoeder eindigheids- en ewigheidsdimen= sies in die sin van die lewe. Die opvoedeling maak kennis met die begrippe lewe en dood, liefde op die aarde en in die hemel, die veilige dak van God oor sy hoof, die hoop op verligting van lyding, die ware genot van onself= sugtigheid en so meer. Dit verleen 'n sin van oneindige diepte aan sy lewe. En daarom is die Christelike opvoeding ook waarlik sinvol, trouens, dis die enigste werklik sinvolle opvoeding wat moontlik is aangesien dit die opvoedeling na God toe lei.

(k) <u>Wat is Christelik-nasionale opvoeding?</u>[36)]

Dit is 'n bepaalde vorm van Christelike opvoeding. God het die mens na sy beeld geskape, maar later het 'n groot verskeidenheid tipes mense ontwikkel. Daar is verskille in kleur, ras, etniese groepe en hulle praat 'n groot aantal tale. Hulle woon ook in plekke wat baie verskil. So het elke nasie dan sy eie voorkoms, volksaard, kultuur, opvoedingstradisies en godsdiens. Nou is dit ook so dat al hierdie sake in die lig van die Skrif gesien moet word, want die ganse skepping is 'n groot geheel in die hand van God. Desnieteenstaande moet daar in die opvoeding reke= ning gehou word met die volkseie, aangesien dit juis die beste hulpmid= dels verskaf vir die Christelike opvoeding. Die leringe van Jesus Christus illustreer dit die beste. Hy het in die volkstaal gespreek en nie in Grieks of Latyn nie, Hy het die beelde aan die Palestynse omgewing ontleen, Hy het die tradisies, volksaard en so meer gebruik om juis 'n verstaanbare boodskap aan die mense oor te dra. Dit is die ware nasionale element in Christelik-nasionale opvoeding.

(l) <u>Is daar ander ware opvoedingsvorms buite die Christelik-nasio= nale moontlik?</u>

Dis onwenslik om die nasionale element in geheel uit te skakel,[37)]

---

35) Lees ook Eby, F. Op. cit., p. 680-681 <u>en</u> Pistorius, P. Kaart en kompas van die opvoeding, p. 273.

36) Die hele deel I van hierdie werkstuk is 'n beskrywing van alles wat as Christelik-nasionale opvoeding aanvaar word.

37) Hoofstuk XIV handel oor die nasionale element.

want 'n volslae onnasionale opvoedingsbodem kan nie na wense tot die opvoedeling se hart spreek nie. Dit bly 'n kunsmatig aangelaste opvoedingspoging. Die opvoedeling maak van kleins af kennis met die nasionale in sy lewe. Hierdie reeds verworwe kennis is die aanknopingspunt en afspringplek vir die toekomstige opdoen van kennis.

Indien die Christelike element egter ontbreek, kan daar geen sprake van ware opvoeding wees nie. Andersdenkendes mag wel daarvan sê dat dit opvoeding is, maar dit kan nie Bybels geregverdig word nie.

Die Christelike opvoeding is dus die enigste ware vorm van wat as opvoeding vir die Christen kwalifiseer, terwyl die nasionale element, hoewel nie onmisbaar nie, tog geleentheid bied vir die maksimale uitbouing van die opvoedingstruktuur.

(m) Slotopmerking

Alles wat hierbo gesê is moet as 'n eenheid beskou word. Dit is dan die beste weergawe van wat opvoeding is.

Alles wat hierbo gesê is, lei tot die gevolgtrekking dat die Christelike opvoeding die enigste ware opvoeding is. Dit word ook in die volgende gevalle bevestig:

> ,, . . . dat er in de tegenwoordige orde der Voorzienigheid . . . geen doeltreffende en volmaakte opvoeding kan bestaan dan alleen de Christelijke."[38])
>
> ,,We mogen niet onderwijzen, niet opvoeden zooals we willen. God schiep alles ,naar zijn aard' — het levende groeit ,naar zijn aard' en moet behandeld (worden) ,naar zijn aard'".[39])

## 6. Opvoedende onderwys

Hierbo[40]) is reeds aangetoon dat wat die mens leer, wel op hom inwerk. Sodanige inwerking kwalifiseer egter nie vanselfsprekend as opvoeding nie. Onderwys is dus nie noodwendig opvoeding nie en kan selfs die teenoorgestelde uitwerking hê.

Aan die ander kant kan die opvoedeling nie nader na God toe gebring word sonder kennis nie. Om die finale keuse vir God te maak impliseer ten minste dat die mens voldoende kennis sal hê van die alternatiewe waartussen gekies moet word. Maar daardie kennis kan verwerf word sonder

---

38) Hoogveld, J. Keur uit de werken van Prof. Dr. J. Hoogveld, p. 35

39) Van Klinken, L. Hoofdlijnen en hoofdpunten van de Opvoedkunde, p. 7

40) P. 17-20

onderwys.[41])

Die ideale toestand, soos van Christelik-nasionale kant gesien, is egter dat onderwys só gegee word dat dit tegelyk ook opvoeding is. Die vraag is nou: Wat is dan opvoedende onderwys? Die volgende opmerkings bevat die sentrale gedagte:

> „De onderwijzer(es) in de Christelijke school moet in het onderwijs drager (draagster) zijn van de levensovertuiging der Christenouders, en dát moet in de onderwijs blijken. . . .
>
> De onderwijzer(es) moet niet alleen vertellen en feiten mededelen, hij/zij moet de leerlingen ook overtuigen."[42])

> „Die bron van die opvoeding van die mens is die ‚hele Skrif'. . . . Die hoogste eis wat die Christelike opvoeder aan die verskaffing en verwerking van kennis kan stel, word volkome bevredig deur die Skrif. . . . God openbaar Hom nie net in die besonder in die Skrif nie, Hy openbaar Hom ook in die algemeen in die natuur, die geskiedenis en die gewete van die mens. Om God reg te leer ken, moet die Christelike opvoeder ook kennis van die natuur, geskiedenis en die gewete bybring."[43])

Die wegspringstreep vir opvoedende onderwys is dus die doel van die Christelike opvoeding. Die kennis wat oorgedra word, moet instrumenteel wees vir die bereiking van daardie doel. Dit lewer ook tegelyk die finale norm vir die beoordeling of die onderwys ook opvoeding is. Onderwys moet dus so gegee word dat dit die weg na God toe baie duidelik sal aandui.

Die skool en die lewe buite die skool bied talle geleenthede vir die oordrag van kennis waarby die gewone skoolvakke nie gemoeid is nie. Die skoolseuns ontvang onderrig op die rugbyveld en die fabriekswerker van sy instrukteurs. Indien hierdie gevalle ook beskou moet word as opvoedende onderwys, moet daar ook in alle erns gepoog word om die weg wat na God toe lei, aan te dui. Vir die Christelik-nasionale onderwyser is hierdie opmerking van besondere belang: Dit is 'n teenstrydigheid as die wet van die liefde in die Godsdiensonderrig onder die leerlinge se aandag gebring word terwyl dit op die rugbyveld moontlik glad nie so liefdevol toegaan nie.

In hierdie opvoedende onderwysgebeure kry die opvoeder gedurig te

---

41) P. 25-26 hierbo

42) Waterink, J. Theorie der opvoeding, p. 309

43) Coetzee, J.C. Inleiding in die Algemene Teoretiese Opvoedkunde, (1960-uitgawe), p. 98-99

doen met die keuselewe van die kind. Kies hy teen óf vir God? Daar is nie 'n derde alternatief nie. Christus het self gesê:

,, . . . want wie nie teen ons is nie, is vir ons."[44]

In die normale gang van sake ontwikkel die kind geleidelik die vermoë om selfstandig te kies,[45] d.w.s met steeds minder hulp en leiding, maar selfs die grysaard kom soms voor keuses te staan waar hy hulp en leiding nodig het. Sonder die hulp van God kan geen mens in elke geval reg kies nie.

Die dringendste probleem is om nou te bepaal hoe die onderwys opvoedend gebruik kan word.

In die geval van die skool is dit nie voldoende om net gedurende die periodes wat vir Godsdiensonderrig afgesonder is, aandag aan die Christelike beginsels te bestee nie. Hierdie periodes lewer onteenseglik die beste geleenthede om die leerlinge na God toe te lei. Maar indien die ander periodes en die buitebedrywighede nie ook doelbewus in die leiding na God toe betrek word nie, word daar 'n skeiding tussen Godsdiensonderrig aan die een kant en die res van die skoolwerk aan die ander kant gemaak. Dan is die onderwys soms opvoedend en soms nie.[46] In die praktyk kry onderwysers egter met probleemgevalle te doen en kan dan nie altyd daarin slaag om die onderwys opvoedend aan te wend nie. Hier volg twee sulke gevalle:

* Hoe moet die patroonsinnetjies in die Engelse spreekles gebruik word om die leerlinge nader aan God te bring?

* Watter opvoedende gebruik kan van die vermenigvuldigingstafels gemaak word?

Die gedagte dat welgekose kennis, as dit interessant en entoesiasties aangebied word, inherent die verlangde opvoedende waarde besit, hou nie steek nie. Hierdie opvatting skakel met die welbekende S→R-formule. Daar is egter geen waarborg dat die leerling vanself nader aan God sal beweeg as die onderwyser die patroonsinnetjies en die vermenigvuldigingstafels vir die kind laat lewe nie. Die kind mag daaraan heel ander betekenisse as die onderwyser heg. Hy kan moontlik nog nie self die kennis op Christelike patroon normeer nie.

Die enigste oplossing vir hierdie probleem is die integrasie van Bybelse en ander inhoude. Dit beteken dat in die lesse oor patroonsinnetjies en vermenigvuldigingstafels aanknopingspunte vir gedagtes wat na

---

[44]) Mark. 9:40

[45]) Talle skrywers, o.a. Langeveld, Oberholzer, Coetzee en Landman, het al so dikwels oor hierdie saak geskryf, dat spesifieke verwysings as oorbodig beskou word.

[46]) Van Hulst, J.W. en Van der Molen, IJ. Leerboek der Pedagogiek, p.240-241

God toe lei, gevind moet word, al geskied dit nie in elke les nie. Hoofsaak is dat die leerling gedurig bewus moet wees van die beweging na God toe.[47] By nadenke sal elke onderwyser 'n ander gedagte in daardie kennis vind.[48] Integrasie kan ook met Bybelse gedagtes begin. So kan 'n les in Geskiedenis met 'n Bybelteks begin terwyl die gebeurtenisse dien as illustrasie van die grondbeginsel(s) in daardie teks.

Daar moet toegegee word dat hierdie werkwyse tot kunsmatige las- en lapwerk kan lei en dat dit by oordrywing juis presies die teenoorgestelde uitwerking as wat verlang word, kan hê. Daarom sal sorgvuldige beplanning nodig wees. Wat nog belangriker is, is die gesindheid van die leermeester en die leerling. Die leermeester wat werklik uit liefde die leerling bearbei, sal bewus of onbewus die gesindheid van lg. beïnvloed. En as die leerling reeds die regte gesindheid in sy hart ervaar, is dit nie so dikwels nodig om die verbindingslyn tussen God en kennis onder die aandag te bring nie. Die leerling sal bewus of onbewus self na die vertikale relasies soek. Die opvoeder moet desnieteenstaande nie aanvaar dat dit vanselfsprekend is dat die opvoedeling die diepere sin in die kennis sal raaksien nie.

Sonder integrasie met Bybelse inhoude kan egter nie verwag word dat die betekenis wat die mens aan ander kennis heg, bo die horisontale vlak sal styg nie en dus ook nie werklik sinvol kan wees nie.

In die geval van opvoeding buite skoolverband geld dieselfde grondbeginsel, nl. dat alles wat die mens doen, in die Bybelse sin gedoen moet word. Dis dan die geval van integrasie van Bybelse beginsels en 'n Bybelse gesindheid in die hele lewe van die mens. Dit stem dan ook ooreen met die woorde van Christus:

,,Bly in My soos Ek in julle."[49]

---

[47]) Die probleem van Bybelse en sekulêre kennis sal nog baie aandag geniet, veral in die laaste hoofstuk van hierdie werk. By verskeie geleenthede sal na outoriteite verwys word.

[48]) Ter illustrasie: Een van die patroonsinnetjies wat sentreer om die tema ,,Our new house", word met voorbedagte rade ,,We thanked God for our new house." In die geval van die vermenigvuldigingstafels word verwys na die wonderlike verstand wat God aan die mens gegee het. Daaraan word toegevoeg dat dit die mens se plig is om daardie talent tot eer van God te ontwikkel, o.a. deur die tafels te leer.

[49]) Joh. 15:4

In Nederland word die skole in twee groepe ingedeel:[50]

* Die staatskole met staatsonderwys, waar geen opvoedingswerk soos deur Christene verstaan, moontlik is nie, want daardie skole is skole ,,sonder die Bybel". Daar word geen aandag aan enige wêreld- of lewens=beskouing gegee nie. Die beïnvloeding wat van onderwys nie geskei kan word nie, is dan bloot insidenteel en absoluut onseker.

* Die privaatskole met die Bybel, waar opvoedende onderwys wel moont=lik is. Daar word gepraat van konfessionele skole, d.w.s. waar 'n bepaalde geloofsbelydenis aanvaar en die onderwys daarop gebou word. Daar word ook van institusionele skole en institusionele onderwys gepraat. Daardie skole is dan middels tot die doel van onderwys waarin 'n bepaalde wêreld- en le=wensbeskouing gehuldig word, al kom dit nie tot 'n geloofsbelydenis nie.

Konfessionele en institusionele onderwys is nou verwant aan Christelik-nasionale onderwys.

7. <u>Vorming</u>

In die geval van opvoeding is daar 'n bepaalde inwerking van kennis op die mens. Nou dui die begrip vorming op alle vorms van inwerking van kennis op die mens, sodat dit opvoeding insluit. Enkele kenmerke wat sig=baar word, is die volgende:

* Vorming kan positief of negatief (in Christelike sin opgevat) wees, maar nooit neutraal nie.

* Intensionele vorming kom voor wanneer een persoon doelbewus 'n an=der beïnvloed, maar vorming kan ook insidenteel geskied.

* Nie-menslike voorwerpe kan ook vormend op die mens inwerk en self=vorming is ook moontlik.

* Vorming kan nie plaasvind sonder die deelname van die persoon wat gevorm word nie.

Die uitdrukking ,,vorming van die hele mens" is welbekend en bedoel eintlik dat die mens in sy geheel gevorm word. Die volgende aspekte van menswees kan gevorm word: Die godsdienssin, die emosionele lewe, die ver=stand, die wil en die liggaam. Hierdie aspekte word altyd as 'n geheel geraak en kan nie afsonderlik betrek word nie.

Wanneer vorming plaasvind, beteken dit dat die persoon wat gevorm is, verander het en dat sodanige verandering 'n invloed op toekomstige hande=linge van daardie persoon sal hê.

---

[50] Vgl. Idenburg, Ph. J. Op. cit., p. 103-120 <u>en</u> Van Klinken, L. Op. cit., p. 289

Hierdie begrip is belangrik vir die Christelik-nasionale opvoeder en opvoedkundige. Enige soort vorming kan nie summier goedgekeur word nie, en selfs wanneer dit 'n aantreklike voorkoms het, moet eers gevra word: Lei dit na God toe?

8. Gewoontevorming

Net die volgende aspekte is van belang vir hierdie werkstuk:

* Die baba kan nog nie opgevoed word nie. Hy kan nog nie 'n begrip van God vorm nie. Hy kan ook nie gemotiveer word om so of so te handel nie. Daarom moet hy sekere gewoontes aanleer. Vir die Christen moet hier= die gewoontes ooreenstem met die voorskrifte van die Bybel.

* Iewers in die kleuterstadium begin die kindjie vatbaar word vir opvoeding. Daar bly desnietemin nog gevalle van gewoontevorming oor. Dis bv. vir die kindjie nie altyd duidelik waarom hy kerk toe moet gaan nie.

* Dwarsdeur die hele lewe van die mens is daar gevalle van gewoon= tehandelinge. So is daar talle dinge wat die mens al voorheen aanvaar het as goed en reg en in lyn met die Skrif en wat hy nou uit gewoonte doen.

Die gevaar bestaan dat 'n gewoonte tot 'n blote betekenislose forma= liteit kan ontaard. Daarom moet die opvoeder tog weer van tyd tot tyd by gepaste geleenthede en op gepaste wyse die motief van die gewoonte onder die opvoedeling se aandag bring.